

---

**PROCLAMATION NOTICES • PROKLAMASIE KENNISGEWINGS**

---

**DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**

NO. R. 15

23 April 2021

**PROCLAMATION**

by the

**PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA****SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT**

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as "the Act"), have been made in respect of the affairs of the Gauteng Department of Agriculture and Rural Development and Ekurhuleni Metropolitan Municipality (hereinafter referred to as "the Institutions");

AND WHEREAS the Institutions or the State suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Institutions, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Institutions;
- (b) improper or unlawful conduct by the employees or officials of the Institutions;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;

- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Institutions; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which took place between 1 January 2017 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 January 2017 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule to this Proclamation or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Institutions or the State, in relation to the said matters in the Schedule to this Proclamation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Hyde Park this 23<sup>rd</sup> day of March Two thousand and twenty one.

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**Minister of the Cabinet**

## SCHEDULE

1. The procurement of, or contracting for the supply of 200 portable three-wheel motorised waste collection vehicles by or on behalf of the Institutions in relation to tender number GT/GDARD/030/2017 and payments made in respect thereof in a manner that was—

(a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective; or

(b) contrary to applicable—

(i) legislation;

(ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or the relevant Provincial Treasury; or

(iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of, or applicable to the Institutions,

and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Institutions or losses suffered by the Institutions or the State.

2. Any irregular, improper or unlawful conduct by—

(a) contractors, employees or officials of the Institutions; or

(b) the suppliers, service providers or any other person or entity, relating to the allegations set out in paragraph 1 of this Schedule.

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 15

23 April 2021

**PROKLAMASIE**  
**van die**  
**PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA**

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996**  
**(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA**  
**BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as "die Wet"), gemaak is in verband met die aangeleentheid van die Gauteng Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling en Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (hierna na verwys as "die Instansies");

EN AANGESIEN die Instansies of die Staat verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleentheid in die Bylae vermeld ten opsigte van die Instansies, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleentheid, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleentheid van die Instansies;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beamptes van die

Instansies;

- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Instansies; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2017 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2017 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae tot hierdie Proklamasie of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae tot hierdie Proklamasie, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Instansies of die Staat gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Hyde Park op hede die 23ste dag van Maart Twee duisend-een-en-twintig.

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**Minister van die Kabinet**

**BYLAE**

1. Die verkryging van, of kontraktering vir die verskaffing van 200 draagbare driewiel gemotoriseerde afvalverwyderingsvoertuie, deur of namens die Instansies ingevolge tendernommer GT/GDARD/030/2017 en betalings ten opsigte daarvan gemaak op 'n wyse wat—

(a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie; of

(b) strydig was met toepaslike—

(i) wetgewing;

(ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of die toepaslike Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of

(iii) handleidings, kodes, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Instansies van toepassing is;

en enige verbandhoudende ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilte uitgawes wat deur die Instansies aangegaan is of verliese deur die Instansies of die Staat gely.

2. Enige onwettige of onbehoorlike optrede deur—

(a) kontrakteurs, werknemers of beamptes van die Instansies; of

(b) die verskaffers, diensverskaffers of enige ander persoon of entiteit, ten opsigte van die bewerings uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Bylae.